Boeredanse saam met Sonja Herholdt

Die Wapadrand Boeredansgroep het hierdie jaar soveel hoogtepunte gehad, maar een wat uitstaan is toe ons saam met Sonja Herholdt die verhoog kon deel.

Hierdie hoogtepunt het hom voorgedoen tydens ons deelname aan die Boeremusiekgilde se fees by Leeupoort, buite Warmbad. Sonja Herholdt was die gaskunstenaar en ons het hierdie klein vroutjie ingewag met ‘n belyning wat haar naam uitgespel het. Sy het die gehoor daarna trakteer met ‘n paar van haar immergroen en bekende liedjies soos Jantjie en Harlekyn, maar ook nuwe liedjies van haar jongste CD, Pêrels.

Die kinders het verwonderd gestaan en luister, maar die volgende oomblik vul die bekende klanke van Ta Mossie se sakkie boeredans die saal. Soos een man het die kinders omgekyk en gewag vir my “jawoord” sodat hulle kan gaan wals.

Dit was verseker nie toeval dat dit een van die walse was wat die kinders reeds aan die begin van die jaar op die danskamp aangeleer het nie. Videokameras is uitgepluk, fotos geneem en Sonja was aangenaam verras met die kinders se entoesiasme en het na afloop van die liedjie na die kinders verwys as “haar boeredansers”. Die lekkerte en trots het uit die kinders (en hulle ouers) gestraal.

Sonja het met ‘n groot glimlag saam met die kinders vir ‘n groepfoto geposeer en nog sowaar tyd afgestaan om met hulle te gesels.

Met sulke hoogtepunte en geleenthede kronkel die wapad vir hierdie dansgroep in die regte rigting en is dit vir my ‘n voorreg om met die kinders te kan werk en hierdie kultuurvorm aan hulle oor te dra. Mag hierdie, eens klein grondpaadjie waarop die idée van ‘n dansgroep in 2004 gebore is, ‘n snelweg word.